# 2013-09-22_am_johan-geyser_psalms-as-metgesel._psalm_1_-_geluk

**Sprekersleutel**

OV Onbekende Vroulike Spreker
JG Johan Geyser

OV Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie. Maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink Sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd, en waarvan die blare nie verwelk nie. En alles wat hy doen voer hy voorspoedig uit. So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie, want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.

JG Goeiemôre, gemeente. Ons gaan vanoggend begin deur te kyk na 'n paar goed wat gebeur het die afgelope twee dekades wat ons lewens diep geraak het en groot invloed op ons gehad het. Ons social media, eerste plek, Facebook, Twitter, ons kan aangaan, GPS, Prius; die hybrid motors, wat dalk 'n nuwe ding is vir baie van u, tablets, iPad, Kindle, MP3s om musiek te kan luister, te kan aflaai in die lug, die internet, wat seker in die grond lê van al hierdie goed, en ons smartphones. Ons kan aangaan.

Dit is alles goed wat die afgelope 20 jaar gebeur het, in ons wêreld ingekom het. Nou is die vraag, is die lewe beter met al hierdie ontwikkeling en verwikkelinge wat besig is om plaas te vind? En daar is 'n sterk argument, ja. Ons lewe gemakliker, ons is veiliger, ons het toegang tot kennis, ons het baie 'n breër spektrum, ekonomiese keuses om te maak. Daar is groot vooruitgang gemaak in die mediese wêreld en ons lewensverwagting is besig om te styg. Daar is politieke vryheid wat hierdeur meegebring word. Dit lyk asof ons regtig beter af is deur die voortuitgang wat besig is om plaas te vind.

Nou, hier is die vraag. Ons is beter af. Is ons gelukkiger as wat ons was 'n paar dekades terug? Dit is nie so maklik om te bewys nie. Inteendeel, daar is heelwat navorsing wat gedoen word en mense wat meen dat ons nie gelukkiger is ten spyte van al die vooruitgang wat besig is om plaas te vind nie. 'n Navorser het aangetoon hoe die joernale van 'n paar dekades gelede vergelyk word met dit wat vandag gesê word, en daar word 'n groot skeptisisme vandag opgetel. Dis asof ons meer sinies geraak het. Dis asof ons meer selfbehep en in selfbejammering is.

Dis asof ons baie meer sukkel om sin in die lewe te kry en dis asof ons baie minder hoop het, en asof hopeloosheid besig is om te groei ten spyte van al die vooruitgang.

Tog soek ons almal net geluk, en dit was agter al hierdie uitvindsels lê, wat agter elke industrie lê, is eintlik maar net om die wêreld beter te maak. Selfs die politici, hulle wil die lewe net beter maak sodat ons gelukkiger kan wees en 'n beter lewe kan lei. En op grond van elke een se definisie van wat geluk is probeer ons geluk kry en probeer ons geluk te bevorder. Hoe kan ons dit doen?

Antieke wysheid, Psalm 1, deur die eeue beproef en standgehou kom met idees, so vanmôre net vyf idees uit die boek van Psalm, in Psalm 1, wat gesien word as 'n inleiding, en selfs Origines het gesê dis eintlik 'n opsomming van al die Psalms, vyf idees oor geluk. In die eerste plek, daar is iets soos geluk. Die Psalmis begin en hy sê, welgeluksalig is die man en die vrou. Welgeluksalig is. Dit bestaan. Nou dit is asof ons...

Welgeluksalig beteken wel, gelukkig en salig. Dit beteken om geseënd te wees. Jy weet, omskrywinge van die woord vind ons in woordeboeke, teologiese woordeboeke, wat sê dit beteken om... to be happy, to be spiritually prosperous with life joy, to be enviably happy. Dit is hoe jy kan wees. Nou, die vraag is dadelik of jy so voel en of jy so dink. Is dit beskikbaar? Is dit moontlik in hierdie wêreld, in hierdie lewe waarin ons is?

As ons gebore word, grootword, lyk dit, en dink baie van ons, dat geluk natuurlik is. As ons koms in hierdie wêreld nie te traumaties is nie is ons net gelukkig, jy weet. Maar soos wat ons groei en soos wat ons verder in die lewe ontwikkel is dit asof ons oortuigings swaai, en is dit asof ons die ou woorde van ons pa en ons ma en oupa en ouma onthou wat vir ons gesê het, jy moenie so maak nie. Jy moet mooi werk met geld. Jy moet hard werk. Jy moet eerlik wees. Jy moet... jong, want die lewe is swaar en die lewe is moeilik, en dis goed wat jy moet doen om 'n beter lewe te leef. Dis goed wat jy moet doen om gelukkig te wees.

Ons weet dat jy suksesvol kan wees en nog steeds baie sinies kan wees, so ons kry hierdie pole wat sê dis half natuurlik, en as jy dit nie het nie het jy seker iets verkeerd gedoen in die lewe. En aan die ander kant is daar 'n groeiende sinisisme wat sê ek weet nie of dit moontlik is en is dit regtig hoe die lewe is nie. En ek dink hierdie twee pole word in werke van Shakespeare baie mooi uitgebeeld, in twee van sy werke, jy weet. Much Ado About Nothing, en Hamlet, byvoorbeeld.

Much Ado About Nothing trou almal met wie hulle wil, en die ouens wat jy gedink het is nie dood op die einde nie, en almal is gelukkig. En die lewe werk wonderlik uit op die einde, alhoewel dinge nie nou lekker lyk nie. Hamlet is 'n ander storie, jy weet. Dis tragies. Dis 'n... in die woorde van Macbeth, life is a tale told by an idiot, full of fury, scorn, signifying nothing. Is dit die lewe? Hoe kan ek kyk na die lewe? Wat kan ek verwag van die lewe? Wat moet my oriëntasie wees ten opsigte van die lewe?

Kan ek soek na geluk? Kan ek verwag dat ek gelukkig wees? Is dit moontlik dat ek dit kan kry in hierdie lewe of nie? Is ek net gelukkig as ek gelukkig is? Is dit iets wat... die Psalme skrywer begin, hy sê, welgeluksalig is moontlik. Dis moontlik, en dis moontlik vir elke mens. En is dit nie wat Jesus vir ons kom wys het nie? Toe

Jesus hierdie wêreld inkom, sê die Hebreër brief skrywer vir ons, dat Hy gesalf was met vreugde olie bo sy metgeselle, Hebreërs 1:9.

Dis nie 'n prentjie wat baie van ons het van Jesus nie. Ons het nie baie tekeninge of afbeeldinge van Jesus waar Hy lag en gelukkig is nie. Gewoonlik is Hy meer strak en stroef en dis 'n ernstige situasie. Maar die Bybel sê daar was niemand so bly soos Jesus nie. En Hy kom, en dan sê Hy, Ek bring aan julle 'n boodskap van goeie tyding. Ek bring aan julle die Evangelie. Ek bring aan julle goeie nuus. Hy sê, Ek bring vir... Ek stel julle bekend aan 'n ander wêreld wat in hierdie wêreld inkom. Dis 'n wêreld in die gees. Hy noem dit 'n nuwe Koninkryk waarin jy kan gaan leef.

Terwyl jy hier is kan jy alreeds in daardie wêreld ingaan, my Koninkryk, en daardie plek word geken deur vrede, geregtigheid en blydskap. Dit is hoe dit sal wees in daardie wêreld. So, dit was Jesus se boodskap. Dit is moontlik. So vanmôre is hier dalk van ons wat sê, ek dink dis natuurlik. Jy behoort gelukkig te wees. Hier is van ons wat sê, ek het 'n bietjie sinies geraak. Ek het 'n paar klappe in die lewe gekry en ek weet nie. Ek het meer 'n Hamlet oriëntasie ten opsigte van die lewe. Uiteindelik werk dit nie goed uit nie. Dis bad.

Hier is van ons wat net te besig is en nie weet wat is dit nie. So nou en dan is ons gelukkig en so nou en dan ervaar ons joy en ons gaan aan met die lewe. En dan is hier van ons wat se, ek glo. Ek glo in die Koninkryk van God. Ek glo dat daar so 'n lewe is, geluk, welgeluksalig is die man en die vrou. Die tweede groot ding is wat sekere dnge doen. Dis 'n byproduk. Geluk word nooit gesoek as 'n doel nie. Die Psalme sê nie gelukkig is die man wat geluk soek nie. Gelukkig is die man wat sekere goed doen en sekere goed najaag, dan sal hy geluk ervaar.

So daar is 'n groot gevaar om op geluk te fokus en geluk jou doel te maak in die lewe. En as jy dit doen dan verloor jy geluk. As jy dit doen gaan jy definitief compromise op van jou belangrike waardes. Jy gaan definitief verhoudinge laat skade ly. Jy gaan mense begin gebruik op die lewe. Dit is net hoe dit is as geluk jou doel is. Om te illustreer: as ek die waarheid moet vertel in 'n situasie maar dit gaan my kos, en ek sê, maar eintlik is geluk vir my die belangrikste ding in die lewe, dan gaan ek nie op hierdie oomblik nie...

Ek glo die waarheid is die beste ding, maar in hierdie geval waar ek nou is is my geluk vir my belangriker, en dit is wat ek soek bo enige iets anderster in die lewe. Kan jy sien dat jy uiteindelik jou integriteit verloor as jy geluk eerste stel? In verhoudings presies... dit lei uiteindelik tot jou isolasie. En dis party... hoe party van ons geluk eerste stel. Ek dink dit is wat hedonisme is, nê. Dit is om plesier te aanbid en plesier die hoogste waarde in die lewe te maak. En Jesus waarsku aanmekaar daaroor as Hy praat.

Dit gaan nie net oor hoe jy voel nie, en tog, ek dink dis vandag dalk die dominante beginsel waarop ons besluite neem. Hoe laat dit my voel? Dikwels sê mense ek hou nie hiervan nie. Die nie vir my nie. Hoekom nie? Want ek voel nie lekker daaroor nie. Maar wie sê dis die regte ding? Dis dalk die regte ding om te doen, maar deur dit nie te doen nie stel jy geluk eerste in jou lewe en daardeur gaan jy nooit geluk ontvang nie.

Dis hoe party mense na God toe gaan. Ek wil hê God moet my gelukkig maak. Dis hoekom en nou soek 'n God, want God moet my vir my geluk... dis nie 'n God wat jy soek nie. Jy soek 'n genie in 'n bottel. Dis nie God nie. Ek wil Hom net so bietjie vryf met gebed of wat jou tegniek ookal is dat Hy kan uitkom en dat Hy kan werk vir my en dat Hy kan goed doen vir my. Dit gaan oor jou. Dit gaan oor jou en jou geluk. En dis hoekom baie mense sê ek is teleurgesteld. Dis hoekom ons die woorde gebruik, wat help dit. Het jy dit al ooit gebruik? Wat help dit, huh?

Wat bedoel jy? Wat help dit om hierdie goed vir God te doen en Hy doen nie hierdie goed vir my nie? Ek vryf hierdie bottel maar die genie wil nie saamwerk nie. Dis nie 'n God nie. Dis 'n butler. 'n God is voor wie jy moet buig. Hy is jou skepper. Hy het jou gemaak. Jy behoort nie aan jouself nie. Jou lewe is nie jou eie nie. Hy skuld jou niks. Jy skuld Hom alles. Hy is jou skepper. Hy het vir jou die gawe van die lewe gegee, en die hele idee is wanneer jy tot oorgawe kom en dit weggee, dis dan wanneer jy dit kan vind. Dis dan wanneer jy dit kan kry, so dis 'n wegdraai van die self af. Wanneer jy dit soek, nommer een, kry jy dit nie, sê die Psalm.

Die derde belangrike ding is dit is iets wat innerlik in ons wêreld... in ons lewe ontstaan. Luister hier: gelukkig is die man. Hy is soos 'n... geplant by 'n water... soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat die vrugte gee op die tyd, en waarvan die blare nooit verwelk nie. Wat is die beeld wat hy hier gebruik, die metafoor? Hy sê jy is soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd. Jy gee nie altyd vrugte nie. Jy word geraak deur die winter. Jy word geraak deur die droogtes wat kan kom, maar dit bepaal nie jou lewe nie.

Die uiterlike gebeure in die wêreld bepaal dit nie. Jy het wortels wat diep geskiet is in jou, so die eerste groot ding is... en jou blare verwelk nie. So dis twee groot goed. Ek gaan haal... my voeding en my bron is innerlik, en dis op 'n ander plek. Dis onsigbaar. Dit hang nie af van wat met my gebeur nie. Geluk is nie iets wat met my gebeur nie. Geluk is iets wat in my gebeur.

En, jy weet, dis hoekom die ou mense gesê het jy moet 'n diep mens wees. Daardie ou is nie 'n diep mens nie, huh. Wat bedoel hulle? Hy het nie 'n innerlike wêreld nie. Hy het niks innerlik ontwikkel nie. Hy is, soos vers vier sê, hy is soos kaf wat deur die wind verstrooi word. Kaf het nie 'n kern nie. Kaf het nie substance nie, hy het nie 'n inhoud nie. Hy kan vir jou niks bied nie. Kaf is net 'n dop, hy is net 'n uiterlike, en dit is hoe ons oriëntasie so dikwels is, en dis natuurlik die kondisionering waarmee ons moet sit deur die televisie, deur elke boodskap wat na ons toe kom.

As jy dit doen, as jy dit beleef, as jy dit het, alles kom van buite af, dan gaan jy gelukkig wees en dan gaan jy 'n gelukkige mens wees, terwyl die Psalm sê nee, nee, nee, nee, nee, dis wortels wat jy moet hê. Jy moet 'n diep mens raak. Jy moet weet om water te kan gaan haal daar onder. En jy kry iets wat nie jou eie is nie, lewende water. Jy gaan drink daardie water op. Daardie water maak jou. Daardie water gee vir jou die lewe wat jy nodig het. Ek lewe uit my gees uit. Ek lewe uit my binneste uit. Dis 'n ander ding. Dit kom van binne af.

‘n Baie interessante ding wat hy sê is die blare verwelk nie maar jy gee nie vrugte nie. Dis... jy word geraak. Dit affekteer jou. Dis nie dat jy iemand... ‘n bonatuurlike mens word wat glad nie deur die natuurlike hoegenaamd beïnvloed of geraak word nie. Ek dink ‘n goeie voorbeeld daarvan is Paulus se woord in 1 Petrus 1:6, waar hy sê dan ons nou, jy weet, terwyl julle nou geluk ervaar en geluk smaak, kan julle ook nog steeds droefheid hê.

Daarom verheug julle julle, al word julle nou as dit nodig is vir ‘n kort tydjie beproef onder allerhande beproewinge, en julle is beproef. Daarom verbly julle julle, al is julle bedroef, jy weet, en dis so ‘n halwe, mm, nee, maar wag 'n bietjie. En moet... is 'n mens nie een van die twee nie? Jy weet, en hoe meer ek hieroor dink en hoe meer ek besef is dit miskien ‘n illusie wat ek in my lewe moes prysgee, dat ek altyd soek na daardie een suiwer ervaring, emosie, gevoel, waardeur ek in die lewe wil gaan.

En ek besef maar dit sluit nie uit nie. As ek bly is sluit dit nie die droefheid uit nie, maar... en hy sê nie julle sal bly raak as julle ontslae raak van die droefheid nie, of julle sal bly raak sodra julle nou deur die droefheid kom, of moenie aandag skenk aan die droefheid nie, wees net bly nie. Hy sê dis albei waarmee jy deur hierdie lewe gaan. Dis iets wat jy... dis soos Christus wat die man van smarte was, maar hy was gesalf met vreugde olie bo sy metgeselle.

In my droefheid, in die feit dat ek nie kan vrug dra nie, in die feit dat die winter hier is in my lewe bepaal dit nie my lewe nie. My blare verwelk nie, en daar is ‘n diep, diep vrede, daar is ‘n diep geankerdheid. Daar is ‘n diep joy wat ek kry uit die lewe uit self, uit God uit self, in watter plek ek ookal is en waardeur ek ookal gaan. Dis iets wat van die binnekant af kom. En dan is dit ‘n keuse, in die vierde plek. Jy weet, dit het te doen met wat jy dink, en dit het te doen met wat jy doen, en jy kies dit. Geluk... welgeluksalig is die man wat die woorde van God oordink, wat sy gedagtes vul met sekere inhoud.

Dis presies dieselfde wat Paulus sê. In sy resep vir geluk in Filippense 4:4 sê hy wees altyddeur bly. In vers agt sê hy, alles wat waar is, eerbaar is, lieflik is, loflik is, watter deug of watter lof daar ookal in mag wees, bedink dit. Hy sê, hier is dit, hier is dit. As jy wil bly wees, kyk wat dink jy. En vandag weet ons daar is 'n direkte verband tussen jou denke en jou gemoed en dit wat in jou aangaan. Die angstigheid waarmee jy leef kan direk verband hou met die denke waarin jy is.

Ek onthou ons slaap een aand by die huis en ek hoor skielik die vaas val en breek onder in die sitkamer. Wat dink jy? Inbreker. Wat gebeur met jou? Wel, jou pupille vergroot, jou asemhaling versnel, jou mond droog op, bloed vloei na die groot spiergroepe toe sodat jy kan veg of kan vlug. Wat doen jy? Jy lê doodstil. Jy stamp aan haar. Het jy dit ook gehoor? Wil jy nie gou gaan kyk nie? Ek is nie die man nie. Gaan jy. Goed, jy staan op. Jy vat jou baseball bat. Jy gaan af ondertoe, sluip saggies in. Ah, die skuifdeur is oop. Ek het die skuifdeur oopgelos. Die wind het ingewaai. Die vaas is ongewaai.

Wat doen jy? Jou asemhaling kom terug, jou pupille verklein. Jy secure die house vir jou familie. Jy is braaf, kom terug, toemaar hoor, alles is reg. Julle kan slaap, nê. Skielik is alles verander, hoe jy voel, hoe jy dink. Jy is nie meer stresvol nie. Alles

hang af van jou denke, so dit is nie net altyd wat met ons gebeur nie. Dis hoe ons dit interpreteer wat met ons gebeur. Dis ons denke. Dis ons denke waarmee gewerk moet word. En jy kan kies. Dis die groot ding van die Bybel.

Jy weet, ons was so ‘n rukkie gelede op ‘n retreat, en daar was iemand saam wat in ‘n diep depressie was. Hy is net... hy was 'n week in slaapterapie gewees. Ek was onseker of hy moes saamkom op die retreat en ek het gedink jy moet... moet jy nie eerder... jy het terapie dalk meer nodig nou. Hy het net aangehou. Hy moet kom. Hier teen die derde, vierde dag het ek gesien sy gesig gaan oop. Toe ons vir ons vra aan die einde ons moet ons stories deel toe sê hy vir my, hier is my grootste ontdekking wat ek in hierdie week gemaak het. Ek is nie my denke nie. Ek hoef nie so te dink nie, en ek kan kies. Ek kan kies, ‘n geweldige ding.

Baie van ons identifiseer totaal met ons denke. Omdat ons so dink is dit so. Ek kan nie help dat ek so dink nie. Die Bybel praat van ‘n vernuwing van jou gemoed wat jy moet ondergaan. Dis ‘n verandering van jou denke. Paulus sê toe hy... in 2 Korintiërs 10:5 sê hy, neem elke gedagte gevange. Jy kan gedagtes gevange neem. Ons kan met gedagtes begin te werk. Jy het ‘n keuse. Jy het ‘n keuse wat jy doen.

Welgeluksalig is die man wat nie sekere goed doen nie. Sy gedrag. Jy kies jou gedrag. Hy staan nie, hy sit nie, hy loop nie op ‘n sekere manier nie. En dan gaan hy, sy intellek, waarmee is sy...? Die raad. Hy kies raad. Hy kyk waar kry hy... sy primere assosiasies, met die goddelose, met die sondaars, met die spotters. Dit is keuses wat ons maak. So wat hy sê is jy kies ‘n lewensstyl. Jy kies 'n manier van lewe, en jou manier van lewe skep bring ‘n sekere gemoed in jou tot stand.

As die Bybel vir ons sê wees bly is dit ‘n opdrag. En dit is nie iets wat jy sommer net... okay, kom ons wees bly, julle. Lag, lag, lag. Kom ons wees bly. Dis nie dit wat die Bybel bedoel nie. Die Bybel bedoel vat verantwoordelikheid vir jou lewe en begin op ‘n manier te lewe wat goed is vir jou en wat hierdie emosie skep en tot stand bring in jou lewe. Hier is dit: ons word nie so gebore nie. Om volkome mens te wees is om te groei, is om verantwoordelikheid te vat, is om keuses te maak in jou lewe.

Jy word gebore met die kapasiteit en die potensiaal, maar tyd gaan nie meebring dat jy groei of dat jy volwasse is hoegenaamd nie. Die vermoë om respek te kan hê, die vermoë om te kan konnekteer met realiteit, om keuses te kan maak, om lief te kan hê en liefde te kan ontvang is alles kwaliteite wat aangeleer moet word en ontwikkel moet word. Jy moet groei om ‘n mens te word, en dan kan jy... kan ons groei om in hierdie lewe in te gaan. As jy net dit tyd gee gaan ons almal af en dan raak ons storie Hamlet se storie op die einde van ons lewe. Dis hoekom ons soveel werk moet doen, veral in die eerste helfte van die lewe, om ‘n tweede helfte te kan hê en nie sinies te word en bitter te word nie. Ons moet keuses maak.

Die laaste belangrike ding is, dis ‘n verhouding, en ons moenie dit verkeerd verstaan nie. As die Psalmskrywer sê dat geluk... gelukkig is die persoon wat sy behae vind en die wet oordink bedoel en beteken dit nie dat ons goeie Bybelkennis moet hê, dat kennis ons gaan transformeer, information equals transformation, of dat meditasie die pad na verlossing is en dat meditasie ons gaan verlos nie.

Die een is ‘n fokus op die wat, die inhoud, die Bybel, of, die tweede ding, op die tegniek, die metode, die hoe, meditasie, wat in die vroeë kerk gesien was as ‘n vorm van gebed. Dis goed wat vandag gebeur. Dit is om die middel tot die doel die doel te maak. So jy kry dit, dan daar hierdie, jy weet, ek wil net meer weet, ek wil net meer... die Bybel en meditasie word magiese mag aan toegeskryf. Min plekke saam, gewoonlik in verskillende kringe.

So die Bybel het magiese krag. As jy net sê jy moet net ‘n skriffie aanhaal, jy weet, dit is net... dis die woord van God hierdie. Jesus praat met die Farriseers en hy waarsku hullle. Dan sê Hy vir hulle, tevergeefs ondersoek julle die skrifte asof julle daarin die saligheid het, terwyl dit van My getuig, Johannes 5:39. Jesus sê julle het by die Bybel uitgekom maar julle het nog nie by My uitgekom nie, en die doel van die Bybel is om julle by my uit te bring. Moenie die Bybel ‘n doel op sigself maak nie.

‘n Groot teoloog van ons tyd het geweldige slegte woorde gekry en hy is gekruisig amper vir wat hy gesê het. Hy het gesê die Bybel is nie ‘n vierde persoon in die godheid nie. En dit is so. Dis een van die groot genademiddele van God om genade na ons toe te bring en ons by God uit te bring, maar as jy net by die Bybel uitgekom het het jy nog nie by God uitgekom nie. En hierdie groot metafoor hier gaan nie oor kennis nie. Hierdie metafoor in Psalm 1 gaan oor voeding, dat jy moet leer om jou voeding uit die woord uit te kry.

En dis presies dieselfde met meditasie, veral in ander godsdienste, in ander godsdienste wat nie wil bekendstaan as godsdienste nie, maar as filosofieë, is meditasie die pad na bevryding toe. Meditasie verander jou. Meditasie red jou. As Christene, nee, God red my. God verander my. Meditasie is een van die groot genademiddele, dis een van die groot maniere waarom ek in my gedagtewêreld kan werk en kan... so dit gaan nie oor meditasie... dit gaan oor God.

Daar is ‘n groot verskil. Dis ‘n klein nuanse, maar as die middel die doel raak dan mis jy dit. Dit gaan oor ‘n verhouding. God sê, kom na My toe. Hier is primêre paaie. Hier is goed wat ek vir julle gegee het. Gebruik dit. Loop daarmee. Skoene, trek dit aan, maar kom na My toe. Die verlore seun het op ‘n plek gekom waar hy besef het ons het nie ‘n nuwe regering nodig nie dat ek kan werk kry nie. Ek het nie beter vriende nodig wat my nie drop as dit sleg gaan met my nie. Ek het nie terapie nodig om my te kan help cope met die depressie waarin ek sit nie. Wat ek nodig het is ‘n vader.

Ek het ‘n vader nodig. Ek het nie geluk nodig nie. Ek gaan nie terug na die vader toe dat hy my weer sy seun moet maak en dat ek kan geld kry en dat ek... ek gaan... al maak hy my niks nie, al maak hy my soos een van sy diensknegte, ek gee... dit is nie waaroor... dit gaan oor hom. Ek het 'n vader, ek het ‘n verhouding nodig. En toe hy teruggaan by die vader toe vind hy alles wat hy kan begeer.

Soek eers die Koninkryk van God. Al die ander goed sal vir jou bygevoeg word. Toe hy dit vind toe word daar ‘n groot fees gehou en toe moet hy eet, en toe moet hy drink, toe moet hy inneem, en toe kry hy baie meer as wat hy ooit verwag het. En dis die Christen boodskap, en dis die Christen oriëntasie tot die lewe en tot dit wat ons moet kry.

In Lukas 14 vertel Jesus die gelykenis van 'n groot bruilof. Hy sê, en dis die Koninkryk van God, Hy sê daar is nou 'n groot bruilof aan die gang en julle word uitgenooi. Almal word uitgenooi. En hy stuur sy diensknegte uit en sê, gaan. Maar die eerste ou sê, ek het osse gekoop. Ek het 'n nuwe Ferrari. Die ander ou sê, nee man, ek is besig met 'n groot ontwikkeling. Ek kan nie nou kom nie, maar sodra my ontwikkeling... die ander ou sê, ek moet op honeymoon gaan, of ek soek 'n vrou. Ek het... ek is verlief. Dit is net ongelooflik hoe die lewe nou vir my is. En hulle is net te besig. Hulle kan nie kom na die groot bruilof toe nie.

En die metafoor wat Jesus sê, Jesus sê daar is 'n wêreld nou waarnatoe jy kan stap en waarnatoe jy... jy kan nou na die Koninkryk van God toe gaan en in die Koninkryk van God gaan leef, nou. En dit gaan oor 'n diep konneksie en 'n verhouding met Hom. En Hy sê, maar ons is net te besig. Ons probeer ons eie maniere van geluk en ons... ons is eintlik die goddelose wat sê, nee, nee, nee, toemaar, toemaar, dit werk vir my nou. Ek weet wat het ek nodig. Ek weet. Om op 'n plek te kom van ek weet nie wat... ek weet nie wat die beste vir my lewe is nie. Ek weet nie presies wat die beste in die lewe is nie, maar Hy weet. Ek gaan na Hom toe. Dis 'n oorgawe. Dis 'n lewe saam met Hom.

So waarnatoe nooi die Psalm ons uit vanoggend? Is dit miskien na 'n plek toe waar ons moet sê ek moet weer glo in geloof? Ek moet geloof hê om te glo in geluk, in die Koninkryk van God. Ek het op 'n plek gekom waar ek sinies is, en dit begin my denke raak van God, hoe ek... ek weet nie of God van my weet nie. Ek weet nie of Hy belangstel nie. Ek is... ek weet nie of daar so iets is nie. Ek weet nie of dit vir my moontlik is nie. Ja, ek het my eie idees. As ek dit kry, as my skip inkom, en op my skip moet dit en dit wees. Kan ek dit laat gaan? Miskien word ons uitgenooi tot 'n totale heroriëntasie teen die hele kultuur, teen die groot boodskappe van ons tyd, dat dit kom eintlik van binne af.

Oon Willem het vir my die mooiste metafoor wat by my net gebly het. Hy sê dis soos op hulle plaas. Daar was 'n groot bron, 'n fontein, en hierdie fontein het 'n klomp vertakkinge gehad na ondertoe, en jy kon orals in die takkies gaan water drink. Hy sê, maar jy moet oppas. Die water is vlak. Jy kan nie te veel water daar drink of pomp nie, dan raak dit modderwater. As jy wil baai dan moet jy na die hoofbron toe gaan as jy wil hê. En hy sê, so is dit met die lewe. Hy sê, daar is baie lekker goed in die lewe, en die Here gee dit alles vir ons om die lewe te geniet.

Maar hoor hier, moenie te veel daarvan verwag nie. Moenie te veel water probeer pomp uit jou kar nie. Moenie te veel water probeer pomp uit jou huwelik nie. Moenie te veel water probeer pomp uit jou huis nie. Moenie te veel water probeer pomp uit jou posisie uit nie. Jy gaan modderwater... hy kan jou net soveel gee. Maar dit waarna jy eintlik soek om jou diep dors te les lê by die hoofbron wat eintlik vir jou al daardie ander goed gee. Gaan drink daar.

Gaan drink daar dan kry jy die ander goed ook. En miskien is jy op daardie plek. Miskien is jy op 'n plek van integrasie, dat jy sê ek weet al hierdie goed, maar hoekom werk dit nie vir my nie. Ek moet integreer. Miskien is daar 'n gaping tussen

dit wat ek glo en dit wat ek doen.  Ek glo die goed, maar ek kan net nie by dit kom nie.  Dis asof daar nie... ek moet integreer.

Wat is die uitnodiging vanmôre vir jou, huh?  Miskien is dit net ek besef ek probeer op my eie manier.  Ek is eintlik 'n goddelose, sonder God probeer ek die lewe vind, en ek jaag hierdie lewe van my na.  En nou hoor ek vanmôre Hy sê wie sy lewe probeer vind gaan dit verloor, maar as jy jou lewe verloor dan gaan jy dit vind.  Dan gaan Ek dit vir jou gee.

Kom ons bid saam.  Vader, ons dank U dan ons vanmôre hier kan saam wees.  Ons dank U vir die woord wat 'n lig is vir ons pad.  Ou wysheid, al vir eeue, word hierdie woorde gebruik en oriënteer hierdie woorde mense tot die lewe.  Maak ons oë oop asseblief, Here, om te kan sien wat dit beteken, maar ook wat dit vir ons hier, nou in ons lewens, beteken het.  Laat hierdie lig skyn op ons lewe.  Help ons om diep insig in ons innerlike wêreld, in ons denke, in ons oriëntasie, in ons geloof, in ons soeke te kan kry, en vat ons na die ware lewe.  Ek dank U daarvoor vanmôre.

Help ons almal, Here.  Help ons almal waar ons dikwels, ag, alles doen wat vers een sê ons nie moet doen nie, en ons dikwels sonder U probeer, ons raad vat wat nie van U af kom nie, ons wandel, loop en sit op plekke waar ons nie moet nie, waar nie lewe is nie.  Help ons, Vader, vergewe ons en vat ons net na dit toe wat U vir ons het.  In die naam Vader Jesus, amen.

Mag die vrede en die blydskap van die Here Jesus met elkeen van julle wees en bly in hierdie week, amen.